**CHRISTIAN DAVID MORAWIESE PRIMÊRE SKOOL**

**AFRIKAANS HUISTAAL**

**GRAAD 6**

**Naam:** ________________________________________

**LEES EN KYK** **30 PUNTE**

Lees die gedigte hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**VRAAG EEN**

**TEKS 1:** ***Moenie my in 'n blik druk nie***

Moenie my in 'n blik druk nie
want 'n blik is nie sag nie
en dis ook nie
wat hy van 'n blik
sou verwag nie.

Moenie my in 'n blik druk nie!
dis veel beter
om my liewer te peper
met idiome en spelling:
dan werk my brein teen 'n helling!

1.1 Wie, dink jy, word hier in 'n blik gedruk? (1)

________________________________________

1.2 Hoekom, volgens die gedig, wil die spreker nie in 'n blik gedruk word nie? (1)

________________________________________

1.3 Dink jy die spreker word op 'n letterlike of figuurlike wyse in 'n blik gedruk? Hoekom sê jy so? Gee twee redes. (2)

________________________________________

________________________________________

1.4 Verduidelik wat "peper" beteken. (1)

________________________________________

1.5 Waarmee wil die spreker gepeper word? (1)

______________________________

1.6 Wat, dink jy, beteken dit as jou bren teen ‘n helling werk? (1)

______________________________

1.7 Dink jy die gedig moet teen ‘n stadige of ‘n vinnige tempo gelees word? Hoekom sê jy so? (2)

______________________________

______________________________

1.8 Hierdie gedig bestaan uit twee strofes. Strofe 1 en 2 het vyf versreëls.

1.8.1 Een van die strofes maak gebruik van paarrym. Watter strofe is dit? (1)

______________________________

1.8.2 Skryf al die rymwoorde in die strofe neer. (1)

______________________________

1.9 Die eerste versreël van elke strofe is dieselfde.

1.9.1 Wat noem ‘n mens hierdie verskynsel? (1)

______________________________

1.9.2 Watter funksie het dit? (1)

______________________________

1.10 Het jy van die gedig gehou of nie? Motiveer jou antwoord. (1)

______________________________

1.11 Skryf al die selfstandige naamwoorde in die laaste strofe neer. (1)

______________________________

1.12 Wat is die funksie van die dubbelpunt in die laaste reël? (1)

______________________________

1.13 Maak ‘n volsin om nog ‘n betekenis van verwag te illustreer. (1)

______________________________

**[15]**

## VRAAG TWEE

**Teks 2: *Leë blikke***

Tog moet ek jou verwittig
soms raak leë blikke pittig
al is hul grappies hoeka so saai
dat selfs die hane kraai.

Ja, die waarheid het hul nie in pag,
want leë blikke het mos nie krag!

2.1 Aan watter idioom herinner die titel jou? (1)

______________________________________________

2.2 Verduidelik wat die volgende woorde beteken.

2.2.1 *verwittig* (1)

______________________________________________

2.2.2 *pittig* (1)

______________________________________________

2.3 2.3.1 Skryf ‘n voorbeeld van personifikasie uit stofe 1 se eerste twee versreëls neer. (1)

______________________________________________

2.3.2 Hoekom is dit personifikasie? Verduidelik. (1)

______________________________________________

2.4 Kies die korrekte woord:

Die woord “saai” (strofe 1) beteken (vervelig, opwindend, hartseer). (1)

______________________________________________

2.5 Watter woord in strofe 1 is ‘n voorbeeld van klanknabootsing? (1)

______________________________________________

2.6 Wat, dink jy, beteken dit om die waarheid in pag te hê? (1)

______________________________________________

2.7 2.7.1 Hoekom, dink jy, het leë blikke nie krag nie? (1)

______________________________________________

2.7.2 Skryf al die woorde wat rym in jou werkboek neer. (1)

______________________________________________

2.8 Hoeveel strofes het die gedig? (1)

______________________________________________

2.9 Is daar 'n bepaalde ritme in die gedig? Hoekom sê jy so? (2)

______________________________________________

______________________________________________

2.10 2.10.1 Het die "leë blikke" in die gedig 'n letterlikke of figuurlike betekenis? (1)

______________________________________________

2.10.2 Verduidelik waarom jy so sê. (1)

______________________________________________

**[15]**

| TAALSTRUKTUUR EN KONVENSIES | 20 PUNTE |
|---|---|

**VRAAG DRIE**

Die volgende vrae is op teks 1 en teks 2 gebaseer.

3.1 Gee antonieme vir die volgende. Maak 'n sin met elke woord.

3.1.1 *sag*

______________________________

3.1.2 *beter*

______________________________

3.1.3 *waarheid*

______________________________

3.1.4 *leeg*

______________________________

(4 x 1 = 4)

3.2 Gee sinonieme vir die volgende woorde. Maak 'n sin met elkeen van die volgende woorde.

3.2.1 *helling*

______________________________

3.2.2 *vervelig*

______________________________

3.2.3 *verwittig*

______________________________

3.2.4 *grappig*

______________________________

(4 x 1 = 4)

3.3 Lees weer die gedig (in teks 1) en dink terug aan wat jy al oor leestekens, hoofletters en kleinletters geleer het.

3.3.1 Hoekom, dink jy, is daar nie ‘n punt aan die einde van die gedig se titel nie? (1)

________________________________________

3.3.2 Waarmee begin die eerste woord van die eerste strofe? (1)

________________________________________

3.3.3 Hoe weet ons die eerste strofe is alles een sin? (1)

________________________________________

3.3.4 Waarom is daar ‘n uitroepteken in die eerste reël van die tweede strofe? (1)

________________________________________

3.4 Voorsien die volgende woorde van afkappingstekens waar nodig.

alibis; impalas; radios; kommas; oumas; fototjie; bikinis; hoeras (1)

____________________

____________________

____________________

____________________

____________________

____________________

____________________

____________________

3.5 Skryf al die werkwoorde in teks 2 neer en onderstreep dan die hulpwerkwoorde. (1)

________________________________________

________________________________________

________________________________________

3.6 Verduidelik die stereotipering of partydigheid in die volgende stellings.

3.6.1 Mans gooi gedurig hulle rommel op die grond. (2)

______________________________________________

______________________________________________

3.6.2 Vrouens dink hulle kan mans in ‘n blik druk. (2)

______________________________________________

______________________________________________

3.6.3 Peet moet die span haal, want sy pa is die afrugter. (2)

______________________________________________

______________________________________________

**[20]**